to correspond with the beginning and the end of this one.

COURT : On the transcript where does this take us? What part of the transcript is affected. It would seem to be still during the song.

MR YACOOB : It is very on page 3. It is very difficult to find.

COURT : It is somewhere in the song then or inbetween two songs. That is on page 3 of V(24).

MR YACOOB : Immediately after these 24mm, the second 24mm we have been speaking about and more or less at the middle of the photograph, there is a pulse and we say that there is some strong sound there for about 12mm which would be for about a quarter of a second or less than that. It is only mildly stronger that sound. -- Ja, dit is korrek. Dit is soos ek reeds verduidelik het dat daar 'n klein stukkie is waar daar weer 'n bietjie meer klank deurkom.

What we then say is that there is a little pulse and the succeeding 22mm represents the silent part of the tape which as a result of tape having been prepared for recording and not yet recorded on, what you always get at the end of an insert erasure. -- Ek wil graag hier net 'n bietjie wyer gaan. Op hierdie band, soos reeds genoem, is daar 'n plek waar daar sonder enige twyfel wel 'n stukkie opname bo-oor 'n vorige opname gemaak is. Ekskuus, as ek sê band, moet ek eintlik sê die opname van die vergadering. Dit kom voor op BEWYSSTUK ABD(6)2 die derde bladsy gemerk Analise bladsy 9 en by die plek gemerk tellerlesing 383. Dit is daar beskryf as "Kort stukkie opname bo-oor die oorspronklike. Tydsduur 2,8 sekondes. Daar word woorde gesê wat klink soos 'It is tape 2 and it is very clear'". So, dit is duidelik dat

Op/...

op hierdie opnames is daar hierdie een plek waar daar opname bo-oor ŉ vorige opname plaasvind en dit lyk vir my die verdediging se standpunt is dat sommige ander plekke soos byvoorbeeld die plek by tellerlesing 109 van die eerste band BEWYSSTUK 31(1) dat daardie ŉ soortgelyke plek om verskeie redes soos deur die verdediging uiteengesit, maar ek neem aan dat dieselfde argument deurgevoer sal word na verskeie ander plekke op die bandopname, want daar is verskeie ander plekke waar ek ŉ opmerking gemaak het, waarskynlik kontak probleem, soos by die tellerlesing 414 wat gewys word op BEWYSSTUK ABD(7)10. Op die tweede kant van hierdie band is daar ook op - by tellerlesing 247, ŉ soortgelyke gebeurtenis. Dit lyk vir my dit is die basiese plekke behalwe dat in een van die lang klankverdwynings, naamlik dië by die punt wat deur my gemerk is op die eerste bladsy by tellerlesing 445, dit is die eerste bladsy van BEWYSSTUK ABD(6)2, daar is daar ook ŉ soortgelyke situasie, miskien effens minder duidelik, maar in ieder geval op die tweede een wat voorkom op tellerlesing 670 op die eerste bladsy ook gemerk "Verdwyning van klank tydens toespraak vir 7,2 sekondes. By daardie plek is daar sekerlik soortgelyke pulsgroepe ook teenwoordig. Tydens my ondersoek van die band het ek hierdie aspek oorweeg van dat daar dalk meerdere plekke op die band is waar daar ŉ opname is bo-oor ŉ vorige opname en dit sou dus beteken dat die klein stukkies opname bo-oor vorige opname goed is wat myns insiens per ongeluk gedoen sou wees deur die ondersoekbeampte terwyl hy na die tyd die band heen en weer gespeel het om te luister na die band. Ek weet vir seker dat daardie stukkie opname bo-oor ŉ vorige opname wat op die tweede band voorkom by die

tellerlesing/...

tellerlesing 383 van band 2 kant 2, dit wil sê BEWYSSTUK 31(2), die tweede kant, dat dit gedoen is met ôf presies dieselfde masjien as waarmee die opname gemaak is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is band 2 kant 1, nie band 2 kant 2 nie. Daar is geen opname op band 2 kant 2 nie. -- Ekskuus, ek het verkeerd gesê. Dit is reg. Dit is band 2 kant 1. Die pulse wat daarop voorkom by daardie deel stem ooreen met pulse wat aan die einde van die opname gevind is aan daardie selfde kant naamlik band 2 kant 1 en dit is dus duidelik dat daardie opname bo-oor vorige opname gemaak was met soos ek sê dieselfde bandmasjien of minstens dieselfde tipe bandmasjien as wat gebruik was om die opname te maak. Uit algemene oorwegings lyk dit vir my heel sinvol dat die persoon wat die heel maklikste daardie ongeluk sal oorkom om 'n stukkie opname bo-oor 'n vorige opname te maak, is juis die persoon wat die opname gemaak het op 'n stadium wanneer hy sit en luister na die opname met dieselfde bandmasjien. Toe hy die opname gemaak het, was hy gewoond om die opneem- en speelknoppies saam in te druk en dit kan maklik gebeur dat hy dieselfde sal doen terwyl hy sit en luister na die band. Daar is ook verskeie van die bandmasjiene wat die polisie gebruik waarvan die opneem- en die speelknoppies gekombineer is op so 'n manier dat as 'n mens nie versigtig druk nie, dan druk jy in ieder geval altwee van hulle saam in. By al die plekke wat ek ondersoek het en waar ek beskryf "Batterykontakprobleem" het ek gevind dat daardie selfde pulspatroon wat heel op die einde van die opname voorkom en wat voorkom by die deel waar ditduidelik is dat daar 'n stuk opname bo-oor die vorige opname is, daardie selfde pulspatroon

kom/...

kom op hierdie plekke voor.

Wat beteken dit dan? -- Dit het beteken dat tydens my analise moes ek tot een of ander besluit kom van of ek van mening is dat daardie plekke almal plekkies is waar daar per ongeluk ʼn stukkie opname bo-oor die vorige opname sou wees. Dit wil sê waar die ondersoekbeampte per ongeluk ʼn stukkie van die band uitgevee het.

K438 Of opsetlik. U kan nie sê per ongeluk nie. Dit kan opsetlik wees of per ongeluk. Dit kan enige ding wees. -- Ek moet sê waarskynlik per ongeluk. Dit is korrek. Indien die beskouing van ʼn stukkie opname bo-oor die vorige korrek sou wees, sou dit impliseer dat daar ʼn stukkie weg is uit die oorspronklike opname van presies dieselfde tydsduur as waar hierdie - as die tydsduur van hierdie probleem. Dit wil sê die verdwyning van klank met pulse daarby. Indien die beskouing van batterykontakprobleme korrek sou wees, dan kan dit gebeur dat daar meer weg is uit die oorspronklike opname.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Uit die oorspronklike opname of van die oorspronklike verrigtinge? -- Ja, meer korrek moet ek sê dat deel van die oorspronklike verrigtinge dan nie opgeneem sou wees nie, dat daar iets verlore geraak het van die oorspronklike verrigtinge. Om die rede dat dit nie duidelik was presies watter een van die situasies gegeld het by elk van hierdie punte nie of moet ek sê om die rede dat dit aanvanklik nie duidelik was nie, het ek die saak baie deeglik nagevors en ʼn groot aantal ossilloskoopfoto's geneem van verskeie plekke op hierdie opname en gevind dat op die plek waar ek seker is dat daar wel ʼn opname bo-oor ʼn vorige opname plaasgevind het, daar kry ek sekere addisionele

pulse/...

pulse wat ek nie kry op hierdie ander plekke soos by tellerlesings 109 en 414 nie en omdat ek weet dat die pulse wat ek wel kry op hierdie plekke ook kan ooreenstem met wat gebeur wanneer batterykontakprobleme plaasvind, het ek die mening gevorm dat dit batterykontakonderbrekings is wat op hierdie plekke plaasvind maar ek dink dit is heeltemal korrek en regverdig dat ek op hierdie stadium saamstem dat die moontlikheid dat verskeie van hierdie punte wel 'n kort stukkie opname bo-oor vorige opname kan wees, nie uitgesluit kan word nie.

COURT : Will you put to the witness after the adjournment which points you say may possibly be re-recordings and then indicate to me on the transcript what we are talking about.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, nog onder eed

CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB (continued) : Firstly to *give Your Lordship those references. There is the one which* we have dealt with already. Before that there is another one which we will not deal with again in view of the fact that it has the same characteristics we have already dealt with. That is at - referred to in the witness's report at counter number 024. The counter reading on the 7700 is 011 - on the transcript that is indicated on page 1, but we do not know exactly where, because it is during a song. The counter number on the 7700 is 911 and the counter reading on the 7100 is 09. Thereafter follows the one which we have already dealt with about which particulars we already have. The next one which unfortunately still has to be dealt with again ... (Court intervenes)

COURT : Just a moment. The next one is at page 2 I take it?

MR YACOOB : Page 3.

COURT : Actually we have two pages 2. The first one must be on page 1.

MR YACOOB : The first one is on page 1.

COURT : The second one is 024. That is at page 2. That we heard in evidence-in-chief.

MR YACOOB : Counter number 024 is the one we have not heard in evidence-in-chief... (Court intervenes)

COURT : Just a moment. My note is that 024 was referred to in ABA(4) page 6 paragraph 4 and that in evidence-in-chief I was told that that is somewhere on page 2 of the transcript, but it does not matter much, because it is all song.

MR YACOOB : We say it is page 1. Then one we have already dealt with is the counter reading 051 in respect of which there are already sufficient details.

COURT : 051 is whose counter reading?

MR YACOOB : 051 is our counter reading that is on the 7700 ... (Court intervenes)

COURT : But in the report ABD(6)2?

MR YACOOB : 109. As far as 051 is concerned, that is on the 7700. As far as the 7100 is concerned the number is 42,5.

COURT : What pages is it on the transcript?

MR YACOOB : Then when one gets to the transcript, one finds that also during song - this is the one we dealt with somewhere at page 3. Then we get to the next one. AGain this is one we do not have to deal with again. This is at the witness's counter number 414 if Your Lordship looks at EXHIBIT ABD(6)2. The counter number on the 7700 is 268 and on the 7100 is 225. It is page 8 of the transcript

V(24). The only description I can give Your Lordship is that it is about three-quarters of the way down the page and Your Lordship will see there "and those things ..." Eleven lines from the bottom, and Luthuli. After the and. It is in that area. The next one which we will have to revert to because of its length in cross-examination which we contend is also an erasure after the fact, is the witness's reference, we think that two references have been put in together here 442 and 445. They appear one after the other on the report ABD(6)2. The counter reading on the 7700 is 290 and on the 7100 it is 245. This appears at page 9 of the transcript. There is a number ... (Court intervenes)

COURT : I was informed during evidence-in-chief that it was during the applause. It is an 8 seconds break.

MR YACOOB : Yes, it is in the applause and immediately before what is indicated as "Mr Gumede beginning to speak." Then the next one is also a fairly long one which we would like to go through again. The witness's counter reading 670. Our counter reading on the 7700 is 577 and on the 7100 it is 487. This appears at page 13 of the transcript V(24).

COURT : I have got that. I made a note of it. It is in the words "To me as it is (no sound two counts.)"

MR YACOOB : That is correct. Then the last one, it is going to be common cause that the last one is an erasure. The only dispute will be what the implications of that erasure are and that is indicated as the witness's counter reading 383 tape 2 side 1. The witness's reading 383 and ours is 237 on the 7700 and 200 on the 7100. That is at page 48 "Investigating officer's voice breaks through."

That/...

That is the lot.

BOF : Dr. Jansen, hier is nou gevalle genoem van onder brekings wat die verdediging sê uitwissings kan wees. Gee u toe dat in al die gevalle daar ʼn moontlikheid is van uitwissings? -- Nee. Om verwarring te voorkom, daar is slegs die twee gevalle op band 1 kant 1 by tellerlesing 109, dit is my tellerlesing 109 en dan by my tellerlesing 414 ook op band 1 kant 1. Dit is die enigste twee plekke wat ek bereid is om die moontlikheid te oorweeg dat daar dalk op daardie plekke ʼn stukkie opname bo-oor ʼn vorige opname bo-oor ʼn vorige opname kan wees. Ek het wel verskeie ander plekke genoem waar daar ook soortgelyke pulspatrone voorkom op sekere plekke, maar by die ander plekke is ander eienskappe sodanig dat ek daar nie bereid is om die moontlikheid te oorweeg dat daar wel ʼn stukkie opname bo-oor ʼn vorige opname was nie.

Nou is daar nog een aspek wat ek met u wil opneem en dit is waaroor ons ʼn bietjie onduidelikheid het. Wanneer ʼn masjien aangeskakel word met sowel die "play" as die "record" knoppie, is dit dan altyd so of is dit soms so dit is nou by die aanskakeling, dat daar twee pulse ʼn half sekond uitmekaar geplaas word? -- Dit is nie altyd so nie en vir hierdie masjien het ek gevind dit is nie so nie. Hierdie masjien sit sulke pulse op wanneer die stopknoppie gedruk word terwyl hy besig was om op te neem.

Dus hierdie masjien doen dit wanneer gestop word, nie wanneer begin word nie? -- Dit is korrek.

Wanneer die opneemknop gedruk word gelyktydig met die "play" knop, die speelknop kom daar dan ʼn puls of geen puls nie? -- Daar kom wel een puls.

MR YACOOB/...

MR YACOOB : Then can we go back to your counter reading 024 which is still in dispute and look at it. I will refer only to the witness's counter reading now.

COURT : I think that would be easier now. You have got it all on record now.

MR YACOOB : What do you describe that as? -- Die gebeurtenis by 024 het ek beskryf in my notas in my analise as 'n duidelik af/aan skakeling en ek hou steeds vol dat dit presies is wat daar gebeur het, dat die bandmasjien afgeskakel was in die opneemmodes en weer aangeskakel is deur die speel- en die opneemknoppies gelyktydig te druk.

I will tell you why we say it is a recording over a pre-existing recording. Again one gets the situation where there is singing at the time - I am sorry. There appears to be a measure of confusion. I will come back to counter number 024 which I say is the same as the others we have talked about and may we go to the others which are more in dispute and very different, not because that is convenient, but my notes are confused.

COURT : Yes, very well.

MR YACOOB : Can we then go to your counter numbers 442 and 445. -- Ja, terwyl ons daar is wil ek net graag 'n regstelling maak. In my BEWYSSTUK ABD(6)2 by die tellerlseing wat ek neergeskryf het as 445 op die eerste bladsy daarvan, daar is 'n plek waar ek geskryf het tellerlesing 442 en twee lyne verder 445. Die 445 sou ek graag wil hê dat u dit verander na 442 tot 445. Met ander woorde, die een wat neergeskryf is as 442, daardie gebeurtenisse en die volgende gebeurtenisse is so naby aanmekaar in tyd dat hulle nog dieselfde tellerlesing registreer.

And you describe that as a combination of battery and microphone problems. -- Ja, nie mikrofoon nie, maar verbinderprobleme.

Which particular joint? Can you tell? -- Ek is nie duidelik wat met die vraag bedoel word nie. U bedoel op presies watter plek die verbinderprobleem plaasvind?

That is right. Is it between the microphone and - generally where it would be, not exactly where on the wire. -- Ja, dit sal tussen die mikrofoon en die bandopnemer wees. Presies waar is daar nie heeltemal duidelikheid oor nie.

There is an absence of contact between the microphone and the tape recorder? -- Dit is korrek.

What we hear here is certain features during a long interruption of approximately 8 seconds. What we have firstly is the sound of the meeting going away and for a shorrt time some music. Can we just clarify whether you heard that when you listened to it again? -- Miskien moet ek op hierdie stadium die foto's inhandig oor daardie deel want daar sal definitief daarna verwys word.

HOF : Hoeveel foto's is daar? -- Daar is twee foto's.

Dit sal ABD(7)11 en (7)12 wees. Die foto met die nommer 442 sal (7)11 wees en die een met die nommer 445 word (7)12. -- Die twee foto's is ossilloskoopfoto's van die begin van waar die klank verdwyn by die plek volgens my tellerlesing 442 tot 445 en die tweede foto is die einde van daardie gedeelte waar die klank weer terugkom by tellerlesing 445. Altwee foto's dek 'n tydsbestek van twee sekondes en aangesien die onderbreking of liewers die verdwyning van klank ongeveer 8 sekondes lank is, is daar dus 'n deel wat nie op foto's verteenwoordig is nie maar dié deel het geen

opvallende/...

opvallende kenmerke daar op nie en daardie deel lyk maar net soos die regterkant van ABD(7)11 of die linkerkant van ABD(7)12.

Wat toon die foto's? -- Die foto's toon - ABD(7)11 aan die linkerkant toon 'n deel van die spraak of die klank in ieder geval wat in die saal opgeneem is en daarna ongeveer in die middel van die foto 'n verdwyning van klank met 'n klein waarneembare puls kort na die klank verdwyn het en dan op die ander foto ABD(7)12 dui dit eerstens op 'n stil deel, daarna ongeveer in die middel van die foto 'n klein waarneembare puls, dan weer 'n stil deel en naby aan die regterkant 'n pulsgroep wat dan weer gevolg word deur normale opname van die sein.

MR YACOOB : Before we got to the photographs, we say that when that interruption begins we hear music. What is your response to that? -- In die klank net voor die verdwyning van klank is daar twee harder stukkies klank. Die geheel vind plaas gedurende applous. Dit wil sê die linkerkantste deel van foto ABD(7)11 vind plaas gedurende die einde van applous op die punt waar Archie Gumede voorgestel word as 'n spreker. Daar is een van die harder stukkies wat ek daar hoor wat mens laat dink aan musiek. Dit klink asof dit 'n stukkie musiek kan wees. Ek vermoed dit is die deel waarna die verdediging verwys.

Do you say that is possibly music or do you say it is not music or what? -- Ek het daardie deel baie sorgvuldig geanaliseer op die ossilloskoop en gevind dat dit in werklikheid spraaksein is wat klink soos musiek. Dit het onmiskenbaar die eienskappe van spraak, maar dit is op so 'n manier gepraat dat dit eerder as gedeeltelike sang miskien

beskryf/...

beskryf kan word, maar dit is sekerlik nie wat beskryf kon word as musiek wat deur instrumente veroorsaak is nie.

Do you accept that the ear is more discerning in respect of different kinds of sound than the oscilloscope is? -- Ja, dit is dikwels so.

I want to put it to you that that is music.

COURT : What do you mean by music? The cry of a small child is music to the mother's ear.

MR YACOOB : What I mean is musical instruments playing.

COURT : What do you mean? A violin or a piano or what type of musical instrument?

MR YACOOB : It is too short to tell, but I would certainly if I would listen to it for another five minutes again and again I would be able to give Your Lordship some idea, but I did not concentrate in finding that out.

COURT : Is it a string instrument or a trumpet or that sort of thing?

MR. YACOOB: It sounds like a string instrument, a melodic string instrument with some sort of rhythmic string instrument also in the background to me. -- Soos ek gesê het, ek het daardie deel baie sorgvuldig op die ossilloskoop ondersoek en nou moet ek by sê dat ek baie jare van ondervinding het van die analise van spraakseine op ŉ ossilloskoop. Ek het deur die jare ook ondervinding opgedoen van die analise van musiekinstrumente se klank op die ossilloskoop en ek is heeltemal oortuig daarvan dat wat daar op daardie plek plaasvind, is musiekagtige klank vanuit ŉ persoon se mond.

Is it possible to express shortly and accurately the difference in patterns that you will get on the

oscilloscope/...

oscilloscope with music on the one hand and voice on the other hand and voice which sounds like music in the third place? -- Ek weet nie of daar veel waarde aan gaan wees om so iets te beskryf nie, want iemand wat nie 'n deskundige is nie, wat nie alreeds baie ondervinding het van sulke analises op 'n ossilloskoop nie, sal in ieder geval nie kan verstaan nie en ek het so 'n idee ek is die enigste so 'n persoon in die hof.

After that we say that there can clearly be heard a voice saying a word which sounds like "start". -- Net om meer volledigheid op die rekord te kry. Die deel waar ek sê waar die musiekagtige spraak voorkom op die foto ABD(7)11 is 'n deel wat begin by ongeveer 21mm vanaf die linkerkant en aanhou tot ongeveer 26mm vanaf die linkerkant.

We agree that that could well be the point at which we say there is music. -- Na daardie punt stem ek met u saam. Ek hoor daar 'n gesproke woord. Ek is nie seker dat ek 'n raaiskoot wil waag omtrent wat die woord is nie.

Can you tell exactly where that is on your photograph EXHIBIT ABD(7)11? -- Nee, ek is nie in staat om te sê presies waar dit is nie. Ek kan slegs die gebied waarin dit voorkom uitsonder.

Could you do that? -- Dit is iewers in die gebied 27mm vanaf die linkerkant tot ongeveer 50mm vanaf die linkerkant.

Would you accept that there is just one syllable of voice there? -- Aangesien ek nie duidelik kan uitmaak wat dit is nie, is ek nie seker of dit slegs een sillabe is en of dit dalk meer as dit is nie.

Do you accept that during the 8 seconds silence - approximately 6 seconds silence somewhere - somewhere in

that/...

that 6 or 8 seconds, there can be heard some movement which could also be described as some people walking or a person walking. It could be somebody walking, but most definitely it is a movement. -- Indien daardie sagte deel die stil deel baie versterk word, kan 'n mens vaagweg sekere geluide hoor en al wat ek sou kan sê van die dele wat nou deur die verdediging genoem is, is dat ek hoor iets wat klink na klopgeluide. Ek kan nie sê dat ek dit noodwendig kan koppel aan voetstappe of aan beweging nie, aangesien dit te diep in die agtergrond verskuil is. Wat ek daar hoor is eers een klopgeluid, dan 'n bietjie stilte en dan ongeveer vier reëlmatige klopgeluide.

Do these sounds sound to you like things that have been picked up through a microphone and recorded onto the tape or what? -- Ja, wat ek vermoed wat daar gebeur het is dat dit 'n klein persentasie is van spraak wat deurlek vanaf die saal se klank na die bandopnemer gedurende die tyd wat daar 'n verbindingsprobleem is. Met ander woorde, die verbreking in verbinding is nie perfek nie, maar dit laat 'n klein hoeveelheid spraak toe om wel nog deur te kom of in ieder geval 'n klein hoeveelheid klank.

Could it be that this sound is soft movement picked up by the tape recorder microphone while the tape recorder is in the record mode with no microphone contact problems? -- Laat ek net seker maak dat ek dit verstaan. Die implikasie is dat daar is 'n opname aan die gang met 'n werkende mikrofoon maar dit is stil en hierdie geluide is sagte geluide wat deur die mikrofoon opgetel word.

<u>COURT</u> : Is that what you are putting?

<u>MR YACOOB</u> : Yes.

COURT/...

COURT : It does not seem to me that Mr Atkinson agrees with what you are putting.

MR YACOOB : Mr Atkinson has asked me to clarify that the machine is in the record mode, but our contention is that it is in the erase recording process that this is happening and not during the time of the making of the original recording, but the question is, the machine is in that record mode, the microphone is working, it is quiet and these are sounds, very low sounds picked up by the machine in that process.

COURT : So, what you are saying is that the original tape an attempt was made or in fact an erasure was effected on the original tape and during this process there was very, very soft sound present which was picked up by the microphone.

MR YACOOB : To avoid the dispute about original and copy shall we say on EXHIBIT 31(1). -- Kan ek net nog iets opklaar voordat ek daarop antwoord. Is die implikasie ook dat dit die mikrofoon is van daardie eie bandmasjien of dat dit 'n mikrofoon is wat op 'n ander plek verwyder is van die plek waar die bandmasjien is?

We do not know so that you could deal with it on either basis. -- Goed. Die eerste moontlikheid wat 'n mens hier kan oorweeg, naamlik dat daar 'n tweede opname plaasgevind het dit wil sê 'n geval van opname bo-oor 'n vorige opname en dat die bandopnemer se eie mikrofoon, se eie ingeboude mikrofoon aktief is gedurende hierdie tyd. Daardie moontlikheid kan heeltemal uitgeskakel word, want die vlak van die hoorbare klanke is heeltemal te laag daarvoor. Dit is verder ook sonder uitsondering so dat wanneer die stopknoppie dan

weer/...

weer gedruk word op so ŉ bandmasjien aan die einde van die opname bo-oor ŉ vorige opname, dan is daar ŉ sekere hoeveelheid akoestiese klank wat vry kom net as gevolg van die druk van die stopknoppie en wat dan deur die mikrofoon opgetel en op die band opgeneem word. Dit gebeur vir ŉ baie kort tydjie net voordat die stopmeganisme geaktiveer is. en is byvoorbeeld duidelik te sien op foto's wat ek geneem het van die deel by teller 383 op band 2 kant 1 waar dit wel bekend is dat daar ŉ opname bo-oor ŉ vorige opname plaasvind. Die enigste moontlikheid wat dus wel oorweeg kan word, is ŉ situasie waar daar ŉ eksterne mikrofoon is ... (Mr Yacoob intervenes)

I would just like to pause here. There are obviously a number of kinds of external microphones, the one may be 50 or 60 feet away from the tape recorder in another room connected up and the other microphone would be the sort which has a lead of about a metre or so and both would be separate microphones. If you might want to deal with each of those possibilities separately. -- Ja, die moontlikheid dat dit ŉ mikrofoon is wat nog steeds naby die bandopnemer is, sluit ek ook uit. Die enigste moontlikheid wat oorweeg kan word is ŉ mikrofoon wat verwyderd is van die bandopnemer en wat byvoorbeeld in ŉ ander vertrek sou wees. Daardie moontlikheid is soos ek sê die enigste een wat oorweeg kan word maar dit sou impliseer dat dit baie stil sou moes wees in die plek waar die ander mikrofoon is, want dit is sekerlik so dat geen straatgeraas of enige ander soort van geraas opgeneem word in hierdie tyd nie. Indien vir die oomblik aangeneem sou word dat ŉ mens hier wel te doen sou hê met ŉ opname bo-oor ŉ vorige opname, dan is die situasie

wat/...

wat ek hier waarneem iets wat ek sou beskryf as 'n eksterne mikrofoon wat nie werk nie. Dit wil sê 'n mikrofoon wat nie toelaat dat veel klank deurkom na die bandopnemer nie. Dié verduideliking is nou slegs gebaseer in terme van die agtergrondgeluide en ek noem net dat ek nog nie die pulspatrone wat hier waargeneem word, in ag geneem het by die verduideliking nie.

So, do you exclude the microphone near or on the tape recorder only on the basis of the effect of the depression of the stop button? -- Nee, nie alleenlik daarop nie, maar ook aan die lae vlak van agtergrondgeraas, maar dit is sekerlik so dat die effek op die stopknoppie die belangrikste effek is.

What would be the position if this erasure, if it was an erasure, was stopped by gently pressing the pause button while the tape then is not moving, depressing the stop button? -- Ja, as 'n mens die hipotetiese geval sou neem waar die mikrofoon wel werk en die omgewing is baie stil, dan is dit 'n moontlikheid wat oorweeg kan word dat 'n persoon baie versigtig die "pause" knoppie druk, wag tot die band opgehou het om te beweeg en daarna die stopknoppie druk, maar ek moet net hier by sê dat die pulspatrone wat ek waarneem nie hierdie moontlikheid insluit nie. Die pulspatrone wat waargeneem word op ABD(7)12 dui aan dat aan die einde van die stil stukkie daar òf 'n batterykontakonderbreking was òf 'n opnemende bandmasjien se stopknoppie is gedruk. Die effek van die pulspatrone wat hier waargeneem word is sodanig dat die werking van 'n "pause" en gedurende 'n "pause" druk van die stopknoppie nie daarby ingesluit is nie.

Let us look at photograph ABD(7)12. Before we start looking at that. What is the vertical scale for

photograph/...

photograph ABD(7)11 and ABD(7)12 to start with?--Die werklike skaal is nie bekend nie. Al wat bekend is is dat altwee van hulle met dieselfde vertikale skaal gedoen is.

How does that vertical scale compare with the scale in photograph ABD(7)9 and ABD(7)10? -- Dit is nie bekend nie. Normaalweg is dit nie van groot belang om te weet wat die skaal is nie. Daarom word daar gewoonlik nie ŉ nota gemaak van wat die vertikale skaal is nie, behalwe in gevalle waar om een of ander rede dit wel belangrik is om te weet wat die vertikale skaal is.

Could you please before I ask you questions about it, describe ABD(7)11 using a ruler and indicating as you have done before which parts indicate what, then I will know where the areas of dispute are. -- Die eerste dele is reeds aangedui tot ongeveer die punt 50mm van links. Dan op daardie punt verdwyn die klank en ŉ paar millimeter verder by ŉ punt ongeveer 56mm vanaf die linkerkant is daar ŉ waarneembare puls en daarna die hele res van die foto ABD(7)11 is daar slegs ŉ lae vlak bykans gelyke horisontale lyn met effense wisselinge daarop. In hierdie gedeelte is daar slegs die agtergrondgeraas waarneembaar wat effense variasies toon, soos ek dit sou wou beskryf. Daar is effense variasies in die agtergrondgeraas en daarin kom daar ook voor die klopgeluide waarvan ek melding gemaak het.

There is a misunderstanding then because the sounds that we speak of occur more or less in the middle of that long interruption possibly three seconds after the sound ceases and therefore - and about three seconds before the sound starts again.

COURT : That would then be inbetween the two photographs?

MR YACOOB : That is so.

COURT : Because the one is two seconds and the other one is two seconds. So, we miss about four seconds.

MR YACOOB : About four seconds, yes. -- Ja, die verdediging is heeltemal korrek hier. Ek moes eintlik gesê het dat die regterkant van die foto die patroon wat daar voorkom, daardie selfde patroon hou aan dwarsdeur die gedeelte wat nie op foto's verteenwoordig is nie en tot by die deel wat aan die linkerkant van foto ABD(7)12 begin en dit is in daardie gedeelte waar die ander klanke is. Ek stem saam dat ek verwag dat daardie klanke nie op foto ABD(7)11 is nie. Die bedoeling was om aan te dui dat dit is in gedeeltes wat net so lyk soos die regterkant van ABD(7)11.

And would you describe the pattern as more or less the same. I know there would be little variation, but as more or less the same from a point 56mm from the left-hand side of the photograph to the right-hand end of it? -- Ja, dit is korrek.

What is photograph ABD(7)12? Will you please give us again the same sort of description? -- Die linkerkant van foto ABD(7)12 tot ongeveer in die middel waar daar 'n duidelik waarneembare puls is, is nog steeds dieselfde agtergrondgeraas met effense variasies daarin. By hierdie punt in die middel van die foto waar daar 'n waarneembare puls is, vind daar 'n verandering plaas. Daar is dan van daardie punt af vir 'n verdere ongeveer 0,5 sekondes, op hierdie foto is dit ongeveer 24mm, 'n heel stil gedeelte waar daar geen agtergrondgeraas op hoorbaar is nie en dit eindig by die pulsgroep ongeveer een-derde vanaf die regterkant, die presiese plek daarvan is 70mm vanaf die linkerkant. Op daardie

punt/...

punt is daar ŉ pulsgroep wat dan na ŉ rukkie oorgaan in normale opnameklank. My verduideliking is dat die puls in die middel van die bladsy en ook die pulsgroep nader aan die regterkant wat begin by 70mm vanaf die linkerkant, dat albei van hulle saam hang met ŉ batterykontakprobleem en dat die een puls deur die opneemkop en die ander deur die wiskop van die betrokke bandopnemer op die band geplaas is.

Is the battery contact problem - rather, is it the beginning of the battery contact problem, that is when the battery contact goes off or is it the end of the problem that is when battery contact is restored, that you are talking about? -- Die puls in die middel van foto ABD(7)12 is die deel waar ek sê dat daar batterykontakverbreking plaasgevind het en dan die plek na die pulsgroep naby aan die regterkant waar die normale opname weer voortgaan, is die plek waar batterykontak weer volledig herstel is. In die vorige gedeelte beginnende op die stil gedeelte ongeveer in die middel van ABD(7)11 duur tot aan die einde, insluitende die dele wat nie op die foto verskyn nie, tot aan dit wat op die linkerkant van ABD(7)12 is en tot in die middel. In daardie gedeeltes sê ek dat die probleem op daardie plekke was verbinderprobleme.

I want to tell you how we interpret those two pulses. That is the one in the middle of the fotograph ABD(7)12 and the other approximately 70mm from the left-hand end, both enclosing, according to the witness 22mm which would be about 5 seconds - ,5 seconds of sound. We say that that still portion is typical of the end of an erasure and is again representative of the ,5 seconds clean tape which had been prepared for recording, but on which a recording has

not/...

not been made. What is your response to that? -- Wanneer ŉ opname bo-oor ŉ vorige opname gemaak word, is dit natuurlik wel so dat aan die einde van die gedeelte daar ŉ stukkie skoon band is van ongeveer 0,5 sekondes. Dus, dieselfde verskynsel wat hier gevind word, word ook wel gevind aan die einde van ŉ deel waar ŉ opname bo-oor ŉ vorige opname gemaak word.

So, looking at the photograph itself and listening to the sound, is it impossible to tell whether this represents the beginning and the end of a battery contact problem, as you put it, and the end of a recording over an existing recording? -- Die manier waarop die pulse hier voorkom en sekere aspekte daarvan en daar praat ek van die puls in die middel van bladsy ABD(7)12 en die een verder na die regterkant wat omtrent 70mm vanaf die linkerkant begin. Die aard van daardie pulse is sodanig, dat hulle ŉ redelike ooreenstemming toon met wat reeds bekend is dat die bandopnemer wat gebruik was om die opname te maak met die pulse wat daardie bandopnemer op die band plaas op plekke waar dit afgeskakel word vanuit die opneemmodes. Daar is egter wel aspekte van hierdie pulse wat afwykings toon, ernstige afwykings ten opsigte van die bekende patroon wat die bandopnemer los.

What are those deviations? -- Die ooreenkomste dui aan dat daardie pulse op die band geplaas is deur òf dieselfde bandmasjien òf deur ŉ bandmasjien wat soortgelyk is. Dit is die eerste aspek. Die afwykings en veral dit wat gevind word in die middel van die pulsgroep wat aan die regterkant van ABD(7)12 voorkom ... (Mr Yacoob intervenes)

That is at 70mm from the right? -- Dit is by die

pulsgroep/....

pulsgroep wat begin op punt 70mm van links af. Daar is binne-in daardie pulsgroep afwykings wat daarop sou dui dat daar batterykontakprobleme sou wees wat ħ effek sou hê op daardie gedeelte in die middel van daardie puls. Dit is dus iets wat ħ mens sou kon verklaar deur aan te neem dat die battery se kontak verbreek is en na ħ rukkie weer gedeeltelik herstel het, maar nie volledig nie en dan op ħ onbekende tyd daarna volledig herstel, alternatiewelik dat die batterykontak volledig herstel op daardie punt en dat dit die betrokke effekte veroorsaak. Die pulspatrone hier is dus soortgelyk aan wat aan die einde gevind word van die deel waar dit bekend is waar daar ħ opname bo-oor ħ vorige opname plaasvind, maar nie heeltemal dieselfde nie. Die snaaksighede daaraan strook geheel en al met battery-kontakprobleme.

What are the differences in the pulse pattern in respect of that pulse that we are now talking about, that is at 70mm from the left-hand side which tell you that this is not the end of an on/off, but rather a complete representation of a battery contact problem? What are the differences between the two? That is in the pulse itself? -- Die verskille wat ek waarneem is verskille in reëlmatigheid. Die bekende pulspatrone vir afskakeling in hierdie geval bestaan uit wat ek vantevore beskryf het as twee kleiner pulse gevolg deur twee groter pulse. In hierdie geval is die derde puls se plek daar, maar die puls is nie teenwoordig soos andersins nie. Met ander woorde, die eerste twee pulse en die vierde puls is verteenwoordig, maar die derde een het heeltemal verdwyn en die golfvorm het ħ eienaardige gedrag op daardie punt.

Can/...

Can I just ask a quick question of clarity before you go on. Are the two small pulses present, one of the big pulses absent and the last big pulse present? -- Dit is naastenby korrek, behalwe dat die laaste groot puls op die regte plek sit, maar dat hy nie soos by die ander gevalle veel groter is as die eerste twee pulse nie. Hy is wel ŉ bietjie groter.

Somewhat smaller than what you would have expected to be at that point? -- Dit is korrek.

Carry on, please? -- Daar is ook ander klein gedrags-afwykings wat moeilik beskryf kan word, maar in algemene terme beskryf kan word as ŉ variasie in terme van die normale heen en weer swaai van die sein op sekere plekke.

Are you talking of positions within the pulse group? -- Ek dink daar spesifiek aan die manier waarop van die eerste klein puls na die tweede klein puls oorgegaan word, wat anders is byvoorbeeld as wat op foto's ABD(7)9 en (7)10 aan die regterkant gesien kan word.

What have you in fact compared - sorry, what did you use as an example of a genuine undisputed battery contact problem, when you made this comparison? -- Ek het nou nog nie geweet dat daar ŉ plek is waar daar ŉ batterykontak-probleem is wat ek sê wat nie betwis nie. Ek het verstaan dat al die gevalle wat ek van praat van ŉ batterykontak-probleem dat dit wel betwiste situasies is.

What did you compare with what to come to your conclusion that on this machine and this type of machine there is that sort of difference between the two situations in pulses? -- Dit is bekend aan my dat die druk van stopknoppie uit die opneemmodes uit, dieselfde aanvanklike pulse veroorsaak

